Jou Christus-familie se nuusdiens met nuus vir diens ~ www.ngcaledon.co.za

Sondag 22 Nov

09:30

Sangdiens en Kersspel

Gelei deur

Ds. Marinus Theron

****

18:00

Kerssangdiens

NG KERK CALEDON
Moedergemeente
Tel: 028 212 1202
E-pos: ngkcaledon@twk.co.za

Toe ek oor die afgelope jaar met al sy uitdagings terugdink, het ek hierdie stukkie uit die pen van wyle Ferdinand Deist onthou en ek deel dit graag met jou:

"Wanneer God die aarde met reën bevrug, is dit nie maar net om die aarde met skoonheid te tooi nie, maar ook om vir die lewe op die aarde te sorg: die aarde skenk geboorte aan plante om mens en dier te versorg. God maak die aarde vrugbaar sodat die wingerdstok kan groei, en die mens vreugde daaruit kan put. Hy gee die olyfboom water sodat die mense olie daaruit kan maak waarmee hulle hulle kan mooi maak. Hy laat ander plante groei sodat die mens dit kan eet en nuwe krag daaruit kan put.

God sorg nie net vir die "oorlewing" van die mens deur vir hom kos te gee nie. Hy sorg ook vir vreugde. God hanteer die wêreld op so `n manier dat dit vir die mense lekker moet wees om te lewe; sodat hulle die lewe kan geniet. Meer nog: God wil ook hê dat mense van hulleself moet hou – daarom gee Hy olie waarmee hulle hulle kan mooi maak vir hulle feeste. (vgl. Ps. 23:5).

Wanneer die Bybelse digter sy glasie wyn by die ete opneem, wil hy sê: "Ek wil die Here loof!" Wanneer die vrou haar mooimaakgoed nader trek, wil sy uitroep: "Halleluja!" Waarom is ons dan dikwels so puriteins oor vreugde en skoonheid? Waarom beskou ons ons so dikwels in `n negatiewe lig en hou ons nie van onsself nie? God is sigbaar en tasbaar in jou glasie wyn en jou kosmetiektassie. Dank God by die maaltyd. Loof Hom voor die spieël. Kyk en ervaar hoe Hy vir jou sorg. Want Hy is saam met jou aan tafel en voor die spieël."

So skryf Ferdinand Deist in *"Duur genade" (1990) ...*

****

Dit is inderdaad só dat God vir ons sorg, maar dit is vir my wonderlik om te hoor dat God dit doen sodat ek die lewe met vreugde kan beleef. Amper soos die Prediker van ouds wat mense aanraai om die lewe in die basiese dinge te geniet... van planttyd tot oestyd sou ons hier in die Overberg kon sê!

Mag ons elkeen die Here se sorg bewustelik ervaar elke dag... Sy daaglikse brood aan ons... en mag dit ons ook hier in die Overberg bring tot lof aan God! Halleluja!

Marinus Theron

Veels geluk
aan almal wat die week verjaar!

Verjaar	Noemnaam	Van	Kortadres	Landlyn	Selfoon
11/24	Odette	Eksteen	Dunghy Park.	028 2141 715	
11/24	Carlo	Kriel	Buitekantstraat 3		
11/24	Junita	Kriel	Proteastraat 12		27837235532
11/25	Barbara	Beukes	De Baan Nr. 4	028 212 2382	27727866425
11/25	Peter	Delport	Franskraalplaas	028 212 1778	27829444504
11/26	Elanza	De Wet	Frauenfelderstraat 8		27728238890
11/26	Nolene	Du Toit	Watsoniastraat 2	028 212 1213	27832615279
11/26	Mariette	Labuschagne	New Row Straat 15	0282122724	27722864907
11/26	Lötter	Ollewagen	Meulstraat 30	028 212 1974	27833303176
11/26	Marius	Snyman	Nerinaweg 23	028 212 3355	27833102330
11/27	Baat	Swart	De Hoek Plaas	082 936 3899	27820469563
11/28	Pietersarel	De Bruyn	Goedgegewe Plaas		27823385550
11/28	Robert	Loftie-Eaton	Nerinaweg 29	028 212 1571	27835340130

Voorbidding

- *Annemarie Lotter (Veldblom wyk)*
- *Jan Conradie (Kerstraat)*
- *Joan Reynolds (Trinity)*
- *Ons wens ons saaiboere 'n geseënde oestyd toe!*

U word genooi na ons

Kerssangdiens

22 November 2020

Kom geniet 'n koppie tee in die sal na afloop van die Kerssangdiens



Kategese

Kom na ons

Kersspel

Sondag 22 November

Tydens die oggenddiens

Almal welkom!

SONDAG 22 NOV

NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS IS DIT ONS

KATEGESE AFSLUITING!

MOET DIT NIE MISLOOP NIE!!

ECO TIP

Ons Gemeente wil maniere vind om God se skepping te koester.

Ons wil daagliks by ons huise seker maak dat dit wat ons gebruik en verbruik so goed as moontlik gedoen word en so min as moontlik vermorsing en besoedeling veroorsaak. God vertrou ons met Sy handewerk en ons kan dus mekaar help om die skepping op te pas.

Koos du Plessis se gebed is so mooi, waar hy sê: "Dit wat ons het is maar net geleen." Kom ons pas dus ons stukkie paradys so goed as moontlik op.

Ons Kerkraad het 'n groep aangewys wat Ekologiese sake moet ondersoek en met planne kom om ons omgewing te beskerm en te geniet. Een so plan is om sonkragopwekking te ondersoek vir ons gemeente. Ons kan verder gaan om vir ons besighede te vra om meer klem te lê op produkte wat nie skadelik is vir die natuur nie - en by name enkelgebruik plastiek uit te skakel. Ons wil ook let op hoe ons ons kerk se bates bestuur en dan ook die gesprek van rentmeesterskap lewendig hou in ons eie harte en gedagtes.

Ons kom sê in 'n wonderlike jaar dankie dat God ons laat leef waar ons leef.

Mag ons Sy Naam eer deur Sy skepping op te pas.

Kies 'n Kersfees van eenvoud

Oral begin ons blinkers aan Kersfeesbome sien en in die winkels hoor ons "Jingle Bells", maar hoe kan ons as Christene hierdie Kersseisoen sinvol maak? Die beste geskenk wat ons tydens Kerstyd vir die aarde kan gee, is om oor te skakel na 'n lewe van eenvoud. Dit was ook die kenmerk van die geboorte van Jesus van Nasaret. En alhoewel sy geboorte deur engele aangekondig is en deur wyse manne uit die ooste gevier is, was dit herders wat grootoog en verwonderd die ooggetuies was. En herders was nou nie eintlik gereken as vername mense nie. Kom ons hou ons Kersfees hierdie jaar eenvoudig.

Hier volg 'n paar wenke:

- Maak julle Kersfeesvieringe en ete eenvoudig.
- Beplan die spyskaart met eenvoud in gedagte en maak seker dat daar net genoeg is vir die mense wat gaan aansit – dus: geen ooreet en ook geen oorskiet.
- Nooi iemand of 'n gesin, wat minder bevoorreg as julle is, uit na julle Kersete.
- As julle geskenke uitdeel: maak dit self met 'n spesiale boodskap daarby. Hou dit klein.
- Maak seker dat julle ete geen huishoudelik afval veroorsaak wat na die vullisgate hoef te gaan nie.
- Skakel alle plastiek (dit sluit nylon in!) uit julle vieringe uit, soos bv die kersboom en versierings. Koop 'n jong boompie in 'n pot en gebruik dit as julle kersboom. Plant dit dan iewers na Kersfees en versorg dit, totdat dit groot en sterk genoeg is om self verder reg te kom. Maak julle eie versierings van organiese materiaal.

As julle 'n kriptoneel gebruik, maak dan julle eie van organiese materiaal uit die tuin en omgewing. Ons dogter het bv. ons toneel se karakters uit klei gemaak.

Mag julle 'n baie geseënde Kersfees hê en mag 2020 'n goeie jaar vir die aarde en al haar inwoners wees.

~David P Botha